

19 September

Numeri 12:1-16; (Teks: 12:6-8)

Die Here werk ondeurgrondelik met elkeen van sy diensknegte

Miriam en Aäron kom in verset teen hulle broer Moses se huwelik met 'n Kussitiese vrou. Agter hierdie skynbare probleem met hulle skoonsuster sit daar egter jaloesie teen Moses en die besondere leiersposisie wat hy beklee. Maar eintlik is hulle vir die Here kwaad want dit is Hy wat Moses aangestel het. Die Here het egter ook in hulle harte gesien. Hy roep hulle drie na die tabernakel, bevestig dat Hy op 'n meer intieme manier met Moses werk, maar gee geen rede waarom Hy dit doen nie. Hoe durf 'n mens die Here tot verantwoording roep en vir Hom kwaad word omdat jy dink Hy kon jou beter behandel het? Die Here bring hierdie twee jaloerse, opstandige kinders van Hom tot stilswye en tot rus.

God sê nie waarom Hy sommige in meer prominente posisies plaas, aan ander verhogings en bevorderings gee en nie aan jou nie. Jy is ook sy dienskneg; doen jou werk met die gawes wat jy het, al is dit minder as jou broer en suster, vriend of vriendin s'n. Jy bly sy kind. As jy maar net die werk doen wat Hy jou gee, al is dit ook hoe nederig, sal jy ook eendag uit sy mond hoor: "Mooi so, goeie en getroue dienskneg". Jy is nie vir Hom veel werd as jy begin jaloers en opstandig word soos Miriam en Aäron nie.

Ons Here Jesus Christus was in die hemel in alle heerlijkheid en mag, maar het alles prysgegee om mens te word, 'n sterflike mens. Hy het nie aansien gehad dat jy twee maal na Hom sou kyk nie. Hy het niks besit nie en mense het Hom gehaat en verag. So min het hulle van Hom gedink dat Hy soos 'n slegte misdadiger die laagste dood moontlik gesterf het - dood aan 'n kruis. Maar kyk wat het Hy gedoen deur gehoorsaam en gewillig sy bloed te stort: Hy het jou sonde weggeneem en jou met God versoen en jou gered ook van jaloesie en opstand teen God.

Die Here weet waar en hoe Hy jou wil gebruik en Hy doen dit, want sy Gees woon ook in jou.

Sing: Psalm 131:1,2,3

Ds. P.H. Fick (Springs)